

Ds. A. W. C. Bester  
Calvinia  
11 Junie 1972

Onderwerp: Jona

Lees: Jona 1 verse 1 tot 17

Teks: Jona 1 verse 3 tot 6 en 12

Sing: Psalm 68 vers 9  
Psalm 116 verse 1 en 7  
Gesang 100 vers 7

“Broers en Suster, as God praat dan moet die mens luister. God eis van die mens absolute gehoorsaamheid. En waar is daar ’n boek wat hierdie waarheid beter illustreer as Jona - een van die kleiner profete, ’n juweel en sierraad in die Woord van God.

“God praat met Jona nie deur woorde nie, maar deur daade. En in die daade van God lê die groot plan van God, nie net vir Ninevé nie, maar ook vir die hele wêreld.

“Die groot vis en die wonderboom is vir baie onaanvaarbare verhale. Dit is vir hulle onaanvaarbaar as Goddelike daade. Maar diegene wat God ken as die lewende God, as die hoë God wat nie te groot is om Hom neer te buig tot by die werklikheid van ons lewe nie en wat Hom met ons besig hou met magtige daade, sal met onderworpenheid luister na wat God se Woord hier meedeel. Hulle wat só luister, sal God hoor spreek en dit as absoluut en finaal aanvaar.

“Hoofstuk een van die boek Jona beskryf vir ons die verhouding van God teenoor sy kneg. God gee aan sy kneg ’n opdrag, ’n opdrag wat die kneg nie aanvaar nie. Dan sien ons twee dinge gebeur: Jona vlug van God en sy opdrag; en God stel Hom op Jona se pad.

“Maak jou klaar, gaan heen na die groot stad Ninevé en preek daarteen, want hulle boosheid het opgestyg voor my aangesig.’ (Jona 1:2) Die boek Jona begin met hierdie Goddelike opdrag. Dit begin met wat God wil; met sy Goddelike en genadige bemoeienis met Ninevé.

“Ninevé, destyds die middelpunt van daardie wêreld, was god-onterend en goddeloos. God, wat in sy regverdige oordele geen sonde en geen sondaar ongestraf laat bly nie, wou Hom aan hierdie volk openbaar, voordat God sy oordele voltrek. Ninevé

moes weet van die lewende God, in wie se hand hierdie stad 'n instrument was. God wat die sonde van Ninevé nie geduld het nie, wou tog aan Ninevé sy genade betoon. En daarvoor moes Jona, die nederige kneeg van God, na Ninevé gaan.

“Die feit dat Jona, die vrome kneeg van God, nie hierdie opdrag wou uitvoer nie, is vreemd.

“Die rede hiervoor was dat Jona steeds 'n patriot was. Hy het Assirië as 'n vyand van sy volk beskou. En hy wou God se heil en genade net vir sy volk Israel toe-eien. God se belofte dat alle volke in Israel geseënd sal wees, wou Jona nie verstaan nie.

“Sê nou Ninevé het genade gevind by Jona se God en hom bekeer en bly leef. Nee, dit was vir die Israeliet, Jona, te veel. Bekeer julle, my vyande, my aartsvyande en lewe en ontvang heil uit God se hand. Dit was vir Jona 'n onmoontlike boodskap en daarom was God se opdrag vir hom onaanvaarbaar.

“Is dit nie ook die rede hoekom baie lidmate en kinders van die HERE, God se sendingopdrag onaanvaarbaar vind nie? Is dit hoekom hulle gekant is teen sending? Omdat hulle God se heil en genade net vir hulself wil toe-eien? En só staak hulle en is diensverlaters, wat net soos Jona wegloop van hulle werk af.

“En Jona het die vermetelheid gehad om vir God te sê: HERE ek stem nie saam nie. HERE u plan en besluit is nie goed nie. En toe het Jona die weg van ongehoorsaamheid gekies: ja God sê ek moet gaan, maar ek wil nie. Ek sal dit nie doen nie.

“Om dit vir God te sê, is - asemrowend! Sal God so iemand nie vermorsel in sy sterke hand nie?

“Ken u die spanning in die huis as die seun vir sy vader 'nee' sê? Sal so 'n kind kan 'nee' sê en dan maar weer gerus verder speel?

“Jona weier God se opdrag en dan gebeur wat noodwendig moet gebeur met iemand wat vir God 'nee' sê: hy vlug weg van God af.

“Broers en Susters, het u al vir God 'nee' gesê? Sê nou maar God sê ons moet ons vyande liefhê. Doen ons dit? Doen u dit? Sal u jammer wees as u vyand hom bekeer en lewe? Of sal ek liever vlug as om my vyand lief te hê en vir hom te bid? Dalk hoor God en word hy gered.

“Hoe styg die koor van 'nee's nie op nie: Nee God, ek kan nie nou nie. Nee HERE, ek kom nie elke Sondag kerk toe nie en veral nie as ons gemeente vakant is nie. Nee HERE, ek wil nog eers my lewe geniet. Nee HERE,

ek het nie vandag tyd vir bekering nie. Nee HERE, ek sien nie kans om die minste te wees nie.

“Julle daar en ons wat op die kus staan as Jona se boot vertrek, beskou Jona as die nee-sêer! Maar ons maak ’n fout en u maak ’n fout! Ons staan nie op die strand nie. Nee, ons is in die skip by Jona! Die skip is vol lidmate oppad Tarsis toe. En wee hulle wat op weg daarheen nie in die vis se maag beland nie; maar by Tarsis uitkom sonder God se vis en God se storm.

“En moenie staatmaak dat God ’n vis en storm vir u sal stuur nie. God beskik dalk geen vis en geen storm nie en u kry dit reg om ’nee’ te sê en weg te vlug van God af - weg van God af vir ewig!

“Maar Broers en Susters, God se heerskappy strek weier as Israel se grense. Dit sien ons in Jona se lewe. Nie lank nie of hy erken voor die bemanning: ‘... ek vrees die HERE, die God van die hemel, wat die see en die droë land gemaak het.’ (Jona1:9)

“Jona weet dat hy nie van God kan wegvlug nie. So weet elkeen van ons in hierdie Godsgebou vanmôre. Jy kan nie met kamoefling vir God wegkruip nie. Ons vlug weg in kamoefling tot op die dag dat God dit afskeur en ons nakend, beklaenswaardig en blind voor Hom staan. Nee, Broers en Susters, Jona en ons vlug weg van God in ’n vlug teen ons beterwete.

“Jy kan nie vir God ’nee’ sê en verder gewoonweg lewe asof daar niks gebeur het nie. ’n Mens kan nie die diens van God weier en dan by Hom bly nie. Só vlug Jona na Tarsis op ’n onwettige reis, weg van God en sy opdrag af.

“Maar Broers en Susters, God het ’n storm op Jona se weg beskik. God het ’n sterk wind op die see gewerp en ’n hewige storm het ontstaan. Die skip het gevaar geloop om skipbreuk te ly. En in hierdie storm het God voor Jona op sy vlugtelingsweg gaan staan.

“Jona was die oorsaak van hierdie storm, maar toe dit toeslaan, het dit nie net vir Jona getref nie, maar ook die hele bemanning van die skip.

“Dit was sekerlik ’n ruwe bemanning. Min van hulle het seker ooit ’n kerk besoek en hulle was eerder getroue klandisie van die kroeg. En bo en behalwe dit, was hulle ook heidene. En onder hulle was Jona, ’n profeet van God.

“Dieselfde beeld is van toepassing op die kerk van Jesus Christus in die wêreld. Ons is kerkmense wat omring is deur ’n groot groep mense wat die lewende God nie ken nie. En as die skip nou in lewensnood

verkeer, is dit nie vanweë die ruwe, heidense bemanning nie, maar vanweë die kerk en vanweë Jona.

“As daar nood is in die wêreld, ons land, of ons dorp: oorlog, rusie, haat, kwaadsprekery en wat nog meer, dan sê ons: hoe kan dit dan anders, hulle ken God nie. Ons kyk deur die kerkvensters buitentoe en ons dink: daar moet in die wêreld nood en verwarring kom as die wêreld nie met God rekening hou nie.

“Maar, Broers en Susters, Jona werp vir ons lig op hierdie waarheid. God besoek met sy oordele, node, storms en sterk winde die wêreld, nie weens die goddelose buitestaanders nie, maar ter wille van die dwaasheid en sonde van sy kerk. En as dit tot ons deurdring, dan word ons benoud om terug te draai van die venster en die kerk self deur te kyk: ’n verskeurde, lustelose, aksielose, slapende, rusiemakende kerk.

“Ons moet ons afvra of ons lewe as kerkmense met sy verkeerde en veelvuldige ‘nee’-sêery teen ons God, nie ook stormwind beteken vir ons kleiner lewenskring met ons kinders, skool, maatskappy en dorp nie?

“Dit kan ook anders wees. Paulus was ook op ’n skip op stormende golwe, miskien nog op dieselfde plek in die Middellandse See. Maar die skip se hele bemanning het behoue gebly, terwille van Paulus.

“Broers en Susters, julle is die sout van die aarde. Maar as die sout smaakloos geword het, waarmee sal daar gesout word?

“As ons vanmôre op Jona se skip is, moet dit ons verleë maak; veral as ons sien hoe dit op hierdie skip gaan. Terwyl die bemanning roei en spook, slaap die profeet van God. En hulle roep elkeen tot sy god en gooi die vrag oorboord. Dit is om van skaam te kry. Heidense matrose bid; en hy wat kán bid tot die lewende God, lê en slaap.

“Maar ten slotte het Jona van die lawaai van die storm wakker geword en dadelik besef dat sy vlug ’n onmoontlike vlug was. Hy het God op sy pad gesien.

“Jona het geweet dat hy gearresteer was, gearresteer deur God. Toe het hy gepraat. Toe het hy bely. So radikaal as wat sy verset eers was, so radikaal was hierna sy aanvaarding van sy taak. Maar daarmee, Broers en Susters, is ook alles gesê tot Jona se krediet. Die vraag is, was daar by hom ná sy arrestasie, ware oorgawe? Wat ’n mens hier mis, is die taal van ’n ander profeet, Jeremia: ‘Bekeer ons tot U, HERE, dan sal ons ons bekeer’. (Klaagl 5:21)

“Ja, God arresteer vandag nog. God arresteer met storm, beproewing en benoudheid. U moet vir uself

uitmaak of God se arrestasie u gebring het tot ware oorgawe, dankbare oorgawe: Here net waarheen u wil, sal ek volg.

“Só word oorgawe ’n onuitputlike lewensbron.

“Dan vertoon ek aan die wêreld en aan hulle rondom my, die beeld van Jesus. Jesus Christus, wat anders as Jona, nie die maklike pad gekies het nie, maar Golgota, om ’n seën en redding vir stormgeteisterdes te word.

“Dan vertrek ek elke môre met die boot waarop God my geplaas het na die hawe van God se voorsienigheid. Dan word ek as gelowige elke dag ’n jubelende seën vir almal wat met my op die boot is.

“Amen.”

Kommentaar:

Diegene wat dink dat die verhaal van Jona en die vis ’n mite is, moet daarop let dat Jesus Christus self daarna verwys het as ’n analogie van die drie dae wat Jesus in die graf sou wees: ‘Maar Hy [Jesus] antwoord en sê vir hulle: ’n Slegte en owerspelige geslag soek na ’n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees.’ (Matt 12:39,40)

Die vis wat Jona ingesluk het, moes ’n walvis gewees het, omdat dit groot genoeg is om ’n mens in te sluk; en moet opkom om lug in te asem - waarsonder Jona nie sou kon oorleef het nie.